higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOERBEDRYF
NKR VLAK 3

17 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 meerprodukpypleidings
1.2 padvervoer
1.3 vraghouerhyskraan
1.4 nuttigheid van plek
1.5 databasis vir voorafgoedgekeurde karweiers
1.6 sabotasie
1.7 sosiale aangeleenthede
1.8 aanwending
1.9 elektroniese verifikasie
1.10 bagasie

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 D
2.2 A
2.3 I
2.4 F
2.5 K
2.6 L
2.7 E
2.8 M
2.9 N
2.10 O

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Padvervoer – Die padvervoer van produkte in vragmotors is die voorkeurmanier vir die vervoer van produkte en dit bied buigsaamheid, gerief en koste-doeltreffendheid. (3)

3.2 See en pad✓

- Massagoedere word tipies per see in verskepingshouers vervoer. Daar is uitsonderings, bv. skepe wat slegs koper, ystererts of ru-olie vervoer en gespesialiseerde vragskepe wat slegs een tipe produk, soos voertuie, vervoer.
- Skepe is doelgemaak om meersoortige omskakelings te hanteer, soos ro-ra-skepe, of gebruik gestandaardiseerde houers om maklike oordrag van een vervoermetode na 'n ander moontlik te maak.

- Vraghouers is byvoorbeeld 20 voet, 40 voet of 53 voet lank. Die hoogte en breedte van die houers is gestandaardiseer en daarom kan dit gestapel word sonder om spasies oop te laat. Met ander woorde, 'n Suid-Afrikaans vraghouer sal op 'n Kanadese houer pas wat weer op 'n houer wat China kom, pas. Hierdie houers kan op vragmotors, spoorwegtrokke en selfs groot vragskepe vervoer word aangesien al hierdie vragvoertuie aangepas is om houers van standaardafmetings te hanteer.✓

Pad en spoor✓

- Spoorvervoer word algemeen saam met ander vervoermetodes gebruik. Die meeste goedere moet van spoorwegstasies na ander bestemmings vervoer word aangesien spoorweë nie deur-tot-deur-aflewerings kan hanteer nie. In die meeste gevalle word padvervoer saam met spoorvervoer gebruik.
- By sommige treinstasies is die verwisseling tussen spoor en padvervoer moeitevry en ongekompliseerd. By kleiner stasies mag die oorskakeling as gevolg van 'n gebrek aan infrastruktuur gekompliseerd wees. Verwisseling tussen vervoermetodes is gewoonlik maklik indien die voertuie vir spesifieke produkte doelgemaak is, soos steenkool, ystererts en ru-olie.✓

Lug en pad✓

- Lugvervoer word ook in samehang met ander vervoermetodes gebruik. In die meeste gevalle word padvervoer gebruik aangesien hawens en lughawes nie gewoonlik verbind is nie. Soos met spoor- en maritieme vervoer, kan 'n deur-tot-deur-diens nie met lugvervoer gelewer word nie.
- Die verwisseling tussen pad en lugvervoer is gewoonlik uiters afhanklik van gestandaardiseerde houers. Die infrastruktuur by lughawes waar vragvervoer hanteer word, verseker gewoonlik 'n naatlose verwisseling van pad na lug en omgekeerd.✓ (Enige toepaslike 3 × 2) (6)

3.3

- 'n Onderstelsleepwa is 'n geartikuleerde halfsleepwa wat ontwerp is om standaard vraghouers te vervoer. Dit is bloot 'n raamwerk wat vraghouers ondersteun en die vraghouer word eintlik die vragmotor se bakwerk wanneer dit op die sleepwa gelaai word.
- 'n Verlengbare sleepwa, wat soms 'n skuiwer genoem word, is 'n soortgelyke onderstelsleepwa maar dit kan verleng of verkort word afhangende van die grootte van die houer wat vervoer word.
- Voertuie met 'n bruto kombinasiemassa (BKM) van 56 ton (perd en sleepwaens) is die maksimum BKM wat vir enige kombinasie swaarvoertuie in Suid-Afrika toegelaat word. (3 × 2) (6)

3.4

- Baie makliker en minder menslike betrokkenheid in vervoerbedrywighede
- Verminderde verlies en skade as gevolg van diefstal, kleinstelery, ens.
- Verkorte tydperke aangesien hanteringstyd aansienlik verkort word (3)

Kopiereg voorbehou

3.5
- 'n Vraghouerhyskraan is 'n groot toestel wat op spore gemonteer is. Dit word gebruik om vraghouers van skepe na vragmotors of spoorwegwaens te verplaas of langs die kaai te skuif. Die trolliestang strek vanaf die skip se vragruim na die kaai.
- 'n Kraanstellasie, of portaalkraan, wat ook 'n buidelkraan genoem word, is ontwerp om vraghouers en ruilbakke op te hys. Dit het vier bene met wiele aan die onderkant en kan oor spoortrokke en padvoertuie beweeg. Dit beskik oor 'n draaisluittoestel aan elke hoek wat in die hoekgietsels van die vraghouer pas.
- 'n Gryphyser is 'n soortgelyke buidelkraan maar beskik oor vier arms wat spesifiek ontwerp is om ruilbakke ('swap bodies') te hanteer. Dit beweeg wydsbeen oor die voertuig en posisioneer die arms só dat die ruilbak opgelig kan word. (3 × 2) (6)

[24]

VRAAG 4

4.1
- Koste:✓ Die koste van reisgeld word dikwels beïnvloed deur die roete wat die vervoerverskaffer gebruik. Hoe langer die roete is, hoe duurder word die reis. Dit is nodig om alle ekonomies haalbare roetes in te sluit, bv. sluit Johannesburg en Durban in, maar sluit Pofadder uit aangesien plaaslike diensverskaffers sulke gebiede sal dek.✓
- Reistyd:✓ Wanneer roetes beplan word, is dit kritiek dat veranderlikes soos die afstand na en van stopplekke, wagperiodes tussen vervoerdienste, reistyd en oordragtyd tussen vervoermetodes in ag geneem word.✓
- Betroubaarheid:✓ 'n Ander belangrike vereiste is die betroubaarheid van dienste op spesifieke roetes. Betroubaarheid op roetes kan beïnvloed word deur goed soos swak paaie, verkeersvertragings, ens.✓
- Gerief:✓ Wat gerief betref, is die frekwensie van die diens, die bedryfstye, die aantal meersoortige of eensoortige oordragte, maklike toegang tot en gebruik van die stelsel wat reisgeld insamel, belangrik.✓
- Gemak:✓ Een van die vereistes vir roetebepaling is sekerlik die passasiers se gemak. Dit sluit in verdringing, hoe lank die rye is, die tyd wat 'n mens moet staan, die kenmerke van die voertuie, die beskikbaarheid van beskerming teen die elemente, ens.✓

(Enige 3 × 2) (6)

4.2
- Onthouding van voedsel en water
- Klimaatsveranderinge
- Verdringing of isolasie, onbekende omgewing, geluide en onverwagte sensasies
- Onvoldoende sorg tydens vervoer
- Psigologiese reaksies wat met spanning verband hou (Enige 4 × 1) (4)

4.3
- Beperk die uitkontrakteer van vervoerkoste
- Kies die beste groep karweiers om in die vervoerbehoeftes te voldoen
- Bepaal die beste groep karweiers om standaard en druk verspreidingsbehoeftes te hanteer
- Verminder inspanning en tyd wat dit vir die personeel nodig is om die optimale verspreidingsplan te bepaal
- Ontleding van hipotetiese situasies
- Evaluering van die beste kombinasie karweierafslag om die maatskappy se volume teen die laagste moontlik koste te vervoer
- Vermindering van arbeid, tyd en koste wat met aanvoer van aanbiedinge verband hou
- Mees effektiewe aanwending van vervoerbates
- Vermindering van onsekerheid tydens die bodproses om karweiers sodoende aan te spoor om nie hul tariewe buitensporig te verhoog nie

(Enige 5 × 2) (10)

4.4
- Vervoermetode
- Tipe produk
- Deurvervoerkapitaal
- Verpakking
- Breekskade
- Regulering
- Kaping en diefstal

(Enige 4 × 1) (4)

4.5
- Ervaring
- Drywer se vermoëns en lisensiëring
- Voertuigvermoëns
- Materiaalhantering en vermoëns van laaitoerusting
- Finansiële posisie (kontantvloei – karweiers met finansiële probleme mag nie in staat wees om 'n projek af te handel nie)
- Geskiedenis van litigasie (sommige karweiers kan oormatige eise en litigasie gebruik om inkomste te verhoog nadat 'n kontrak toegeken is)

(Enige 1 × 1) (1)

[25]

VRAAG 5

5.1
- Suid-Afrika se openbarevervoerstelsel moet verbeter word om stedelike probleme met verkeersopeenhoping op te los.
- Dit is nasionaal die tendens om goedkoop, en dikwels ouer voertuie te gebruik, veral in die minibustaximark. Dit lei tot ongereguleerde toegang tot die passasiervervoermark wat tot nog meer verkeersopeenhoping en maatskaplik ongewenste omgewingsinvloed lei.✓
- Dit het uiteindelik tot regeringsingryping met die taxiherkapitaliseringsprogram (TRP) gelei om die doeltreffendheid van die taxibedryf te verbeter.

Kopiereg voorbehou

- Die TRP is daarop gemik om veilige, effektiewe, betroubare, bekostigbare en toeganklike taxibedrywighede daar te stel deur nuwe taxi's (NTVS) bekend te stel wat ontwerp is om openbarevervoerfunksies in die taxibedryf te onderneem.
- Hierdie taxi's vervoer meer passasiers in meer betroubare voertuie wat die aantal voertuie op die pad verminder en die betroubaarheid van die taxidiens verbeter.
- Ander regeringsinisiatiewe om die effek van verkeersopeenhoping in stedelike gebiede te verminder behels die massasnelvervoernetwerk wat spoor- (Gautrein) en busdienste (Rea Vaya, MyCiti, ens.) insluit. Hierdie inisiatiewe doen baie om verkeersopeenhoping te verminder deur verbeterde passasiervervoerstelsels te verskaf.
- Suid-Afrika se middelklas is oorwegend afhanklik van privaatmotors en verkies privaatvervoer bo openbare vervoer. Ten spyte van betreklik lae welvaartvlakke, is die privaatbesit van motors in Suid-Afrika se groot stede relatief hoog. Die gevolg is opeenhoping, 'n hoë koolstofvoetspoor en lang reistye. (Enige 4 × 1) (4)

5.2 Privaatvervoer sluit alle padvervoermetodes van sekere mense in wat gewoonlik nie aan reisgeld onderworpe is nie. Openbare vervoer verwys na gedeelde passasiervervoerdienste wat vir gebruik deur die algemene publiek beskikbaar is. (2 + 2) (4)

5.3
- Vir elke transaksie moet dit duidelik gemaak word watter personeellid betrokke is.
- Kassiere wat by kasregisters werk moet op die kasregisterstrokies wat hulle uitreik, geïdentifiseer word.
- Die kasregister moet altyd gesluit wees, behalwe tydens transaksies.
- Personeellede moet altyd bewus wees van veiligheidsregulasies en moet omsigtigheid aan die dag lê.
- Wanneer die kasregister sonder toesig gelaat word, moet kontant altyd weggesluit word.
- 'n Oormaat kontant moet gereeld verwyder, getel en weggesluit word.

(Enige 4 × 2) (8)

5.4
- Terugbetalings moet ooreenkomstig die reisgeldbepaling op die kaartjie gedoen word.
- Alle terugbetalings is aan 'n administrasiefooi onderworpe.
- Die diensgeld wat gehef word, is nie terugbetaalbaar nie.
- Kaartjies wat verstryk het, het 12 maande na die datum van die oorspronklike uitreiking geen terugbetalingswaarde nie. Die bykomende invordering op 'n hergebruikte kaartjie sal binne 12 maande terugbetaal word.
- Diensgeld in Suid-Afrika en Mauritius sluit BTW in. (Enige 4 × 1) (4)

5.5
- Gesondheids- en veiligheidsregulasies vereis dat waarskuwings- en veiligheidstekens oral waar dit nodig is, moet verskyn is. In eindpuntgeboue en voertuie moet alle brandalarms en nooduitgange duidelik aangedui word.
- Nooduitgange moet nooit deur enigiets belemmer word nie en tekens op die deure moet dit so aandui.

- Die meeste vervoeroperateurs het sekuriteitspersoneel op die terrein. Hulle dien as goeie afskrikmiddel vir die meeste moontlike probleme en hulle is daar om onmiddellik op te tree indien enigiets sou gebeur.
- Bedienerlisensies word duidelik op strategiese plekke aangebring. Dit word gedoen om passasiers te help om te onderskei tussen agtenswaardige vervoeroperateurs en ander swendelmaatskappye of ongelisensieerde maatskappye.
- Vervoeroperateurs verseker dat hulle bystanddrywers vir busse het sodat drywers nie die voorgeskrewe aantal ure oorskry sonder om te rus nie.
- Rusperiodes vir vlieëniers en medevlieëniers word ook gemonitor om optimale prestasie te verseker.
- Een van die belangrikste veiligheidsmaatreëls wat vervoeroperateurs neem is om die veiligheid van die voertuie voor die rit te verseker. Gereelde kontrole, roetineonderhoud en inspeksies voor 'n rit is gewoonlik standaardpraktyk.
- Die meeste padvervoeroperateurs het nood- en onklaarakingsprosedures en word toegerus met radiokkommunikasietoestelle.
- Die meeste vervoeroperateurs verskaf veiligheidsinligting op hul webwerwe en saam met die verkoop van kaartjies.
- Passasiers word teen sakkerollers gewaarsku en dat hulle aandag moet skenk aan die veilige bewaring van beursies, sleutels en ander waardevolle besittings.
- Aangesien toeriste dikwels kriminele se aandag trek, moet vervoeroperateurs passasiers waarsku om hul persoonlike veiligheid en die veiligheid van hul bagasie deurentyd in gedagte te hou.
- Passasiers word nie toegelaat om enige bagasie alleen te laat nie en streng voorsorgmaatreëls word getref om te voorkom dat ander mense onwettige items (soos dwelms) en gevaarlike goedere (soos plofstof) in argelose passasiers se bagasie plaas nie. (Enige 5 × 2) (10)

5.6
- Saamryklub
- Dienste wat waarde toevoeg soos wat hotelle aan hul kante bied
- Personeelpendelvoertuig
- Huurdienste waar 'n voertuig en 'n drywer gehuur word (Enige 1 × 1) (1)

[31]

TOTAAL AFDELING B: 80
GROOTTOTAAL: 100